# GEMEENTEBULLETIN

**1 NOVEMBER 2020**

STELLENBERG GEMEENTE

## EREDIENSTE

### IN DIE KERK

### Oggend-en-gesinsdiens om 09:00 (ook aanlyn)

Genesis 6-8 | Koördinate — Noag en die ark | Ds. Callie Visagie

### Relevantdiens om 18:00 (ook aanlyn)

*For the love of restoration* | Ds. Hanno Ackerman

### KYK AANLYN NA DIE EREDIENS

Kyk aanlyn na die oggend-en-gesinsdiens wat om 09:00 direk uitgesaai word op www.stellenberg.co.za, of ons YouTube-kanaal. Die opname van die diens is vanaf 10:00 aanlyn beskikbaar en kan dan enige dag, of tyd gekyk word. Die Relevant-diens word om 18:00 direk uitgesaai.

## EREDIENSTE OP SONDAG 1 NOVEMBER

In die lig van die skoolvakansie is daar 'n oggend-en-gesinsdiens op 1 November in die kerk en aanlyn, asook die Relevant-diens om 18:00 in die kerk en aanlyn. Die meditatiewe diens hervat op 8 November.

## VATVYF-AFSLUITING OP 4 NOVEMBER

Weens die inperking kon die groep die afgelope paar maande nie byeenkom nie, maar ons wil graag daarvoor vergoed met 'n lekker afsluitingsgeleentheid. Kom geniet op **Woensdag 4 November** vanaf 09:30 tot 10:00 'n heerlike soetigheid saam met drinkgoed by die Kersvreugde-winkel op die kerkterrein. Ons gaan afhangende van die weer, buite onder 'n tentafdak, of binnenshuis sit. Bespreek teen Maandag 2 November by Karin 021 976 4519. Koste: R20 p.p.

## GEBEDSAKSIE

Die asemskep-gebedsbyeenkoms word elke Dinsdag om 18:30 in die kapel aangebied. Gebedsversoeke kan ook aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### DAAGLIKSE STEMBOODSKAPPE

Indien jy graag na die daaglikse boodskap ('n stemopname deur leraars) op jou selfoon wil luister, stuur asb. 'n WhatsApp met jou *naam + stemboodskap* na 083 611 4720. Jy sal dan op die verspreidingslys geplaas word en die stemboodskap daagliks op jou selfoon ontvang. Geen gemorspos nie.

### GEBEDSVERSOEKE

Stuur asb. 'n WhatsApp aan ds. René Potgieter 079 893 8104.

## STELLENBERG SE KERSVREUGDE-WINKEL

Ons is dankbaar vir die positiewe ondersteuning wat die opskiet-winkel die afgelope week geniet het. Nooi asb. vriende en familie om ons uitstallers te ondersteun. Alles wat jy moet weet:

- Besoek ons vanaf **28 Okt. tot 7 Nov**. in die saalkompleks.
- Weeksdae: 09:00 tot 18:00 en Saterdae: 09:00 tot 16:00.
- 160 uitstallers wat dekoritems, juwele, gebak, deliprodukte en Kersgeskenke vir die hele gesin verkoop.
- Wegneemete-restaurant, o.a. die immergewilde afval en hoenderpastei wat deur Malita Joubert, bekende spysenier van Moorreesburg, voorberei word. Die spyskaart is op www.stellenberg.co.za beskikbaar.
- Daar is ook 'n koffiewinkel met heelwat sitplek en heerlike koek.
- Geen toegang sonder 'n masker en streng Covid-19-protokol geld.
- Besoekers wat moeilik loop, of 'n rolstoel gebruik, kan die kantoor skakel wanneer hulle arriveer. Sekuriteit sal dan nader parkering aanwys en hulp met die rolstoel, ens. aanbied. Die kontaknommer is 021 910 3900/079 269 3663.
- Betaal asb. met krediet-, debiet-, of Kaapse verbruikerskaarte.

## EDELWEISS-BEDIENING

- Sondag 1 November 18:00 | Huisdiens | Hoe om die regte ding te doen as alles verkeerd is? | 1 Tessalonisense 2.
- Donderdag 5 November 14:30 | Bybelstudie | Baie wyshede oor verskeie sake in die lewe | Spreuke 19

## VERF VIR APOSTELBATTERY-KAMPTERREIN

Tydens die inperking het die Apostelbattery-kampterrein groot finansiële verliese gely a.g.v. gekanselleerde besprekings. Die kampterrein se onderhoud benodig aandag en daar moet verfwerk gedoen word. Skenkings van verf sal waardeer word. Enige kleur of tipe verf is welkom. Bydraes kan by die kerkkantoor afgegee word.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. 'n Kliniese sielkundige, spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

### VOEDSELHULP

Indien jy tot die uitgebreide voedselbediening wil bydra, kan jy 'n elektroniese oorbetaling na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, maak. Gebruik *hande en rande* as verwysing.

## ’N KERS VIR DIE TIENDEMAAND

- Ons nooi gesinne om een wit kers per gesin te neem as ’n herinnering aan hulle tiendemaandbydrae ter ondersteuning van die gemeente se werksaamhede. Neem ’n kers wanneer jy eredienste bywoon, of haal dit by die kerkkantoor af, of skakel die kantoor by 021 976 4519 om aflewering te reël.
- Steek die kers aan saam met ’n spesiale ete, terwyl jy Bybel lees en bid, of om ’n geliefde, wat nie meer met jou is nie, se lewe te herdenk.
- Indien jy bereid is om in jou onmiddellike woongebied kerse aan lidmate by hulle huise uit te deel, kontak asb. vir Odette by 021 976 4519/odette@stellenberg.co.za. Ons wil graag vir soveel as moontlik van ons lidmate van ’n kers voorsien.
- Tiendemaandbydraes kan elektronies oorbetaal word na: ABSA, tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, met verwysing: tiendemaand. Kontantbydraes kan in ’n gemerkte koevert in die kollektebord gesit, by die kerkkantoor afgegee, of in die beveiligde posbus by die voordeur van die kerkkantoor geplaas word.

*Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.*

*2 Korinthiërs 9:7*

## RUYTERWACHT-KERSPAKKIES

Ruyterwacht dienssentrum benodig, met die oog op die Kersgety, die volgende niebederfbare kosprodukte om vir hulle lede kospakkies saam te stel. Gee gerus bydraes by die kerkkantoor af.

Kookolie, konfyt, grondboontjiebotter.

Blikkieskos: *pilchards*, spaghetti-en-tamatie, *baked beans*, suikermielies, tamatie-en-uie, gemengde groente, ertjies, vrugte en *bully beef*.

Ricoffy, rooibostee, Ceylon-tee, suiker, mieliemeel, hawermout, rys, pasta, *Two minute noodles*, jellie, droë sopmengsel, soppoeier, stampmielies, Imana-sojavleis, tafelsout , toiletpapier, kaaswiggies en koekies.

### NUUS PER E-POS OF OP JOU SELFOON

- Ontvang die bulletin weekliks, asook die skakels na eredienste per e-pos, deur jou e-posadres aan sanel@stellenberg.co.za te stuur.
- Sluit by die WhatsApp-groep aan om die bulletin en die skakel na die oggenddiens op jou selfoon te ontvang, deur jou naam, van en selfoonnommer na 083 611 4720 te stuur.

### AANLYN ADVERTENSIEBLAD

In die Samaritaan-advertensieblad op www.stellenberg.co.za word produkte, verskeie dienste, woonplekke en werksgeleenthede, geadverteer. Advertensies sonder ’n foto kan teen R50 per maand geplaas word en die met ’n foto teen R100 per maand. Stuur ’n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za.

## FINANSIËLE BYDRAES


### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kontantbydraes kan by die kerkkantoor afgegee word, of in die beveiligde posbus by kantoor se voordeur geplaas word.

### SnapScan




## DOOP SONDAG 1 NOVEMBER

Nicolene Nel, Barrysingel 22, Vredekloof, laat doop vir Sophia Ada Nel.

## AANLYN ADVERTENSIEBLAD

**In die aanlyn** Samaritaan-advertensieblad op www.stellenberg.co.za word produkte, huishoudelike dienste, onderrigdienste, dienste in die leefstyl- en skoonheidsbedryf, woonplekke, werksgeleenthede, asook gesondheidsdienste geadverteer. Besoek gerus die blad op www.stellenberg.co.za om te sien wat in jou omgewing beskikbaar is. Advertensies sonder 'n foto kan teen R50 per maand geplaas word en die met 'n foto teen R100 per maand.